

Die Bok-skrumskakel Herschel Jantjies en sy groot liefde, Kelsey Thomas, het uiteindelik op Stellenbosch afgehaak.

VELD FILMS

# NOG ALTYD VERLIEF

**Dié rugbyster en sy geliefde het net ’n klipgooi van mekaar af grootgeword, maar dit was ’n lang pad tot by hul swierige bruilof**

Deur **JOY JANUARY**

ONS sien hom gewoonlik waar hy in sy rugbytrui op die veld uitdraf, maar op ’n sonnige somersmiddag in die tuin van ’n Stellenbosse wynlandgoed kom Herschel Jantjies nou rustig aangestap, uitgevat in ’n deftige wit baadjie met swart lapelle by sy swart broek. Hy glimlag van oor tot oor terwyl hy in die paadjie tussen die rye stoele op die grasperk deurstap waar 120 gaste al hul plekke ingeneem het.

Dis die dag waarop Herschel (29) uiteindelik met sy droomvrou trou. Kelsey Thomas (28) is die pragtige onderwysstudent op wie hy sy hart verloor het lank voor hy as vlugvoetige skrumskakel in die Groen-en-goud sou naam maak.

Kort op die bruidegom se hakke volg sy ma, Adeline Jantjies, en sy bruid se ma, Agnesia Thomas, met die paartjie se dogtertjie, Alyssa-Rose (2), op haar heup. Sy lyk te mooi in haar wit rokkie met hakskoentjies daarby.

Voor by ’n boog met wit blomme staan Herschel op sy bruid en wag. Die lowergroen tuin van die MolenVliet Vineyards, prentjiemooi omraam deur ruwe bergspitse onder ’n blou hemel, is vandag hul troukapel.

Eers nadat drie pare strooijonkers en strooimeisies, almal net soos die gaste in swart geklee, aangestap gekom het, verskyn die eerste tekens van ’n pragtige gestruktureerde balrok aan die onderpunt van die paadjie.

Ingehaak by haar pa, Graham Thomas, stap Kelsey op die maat van ’n klavierweergawe van die sangeres Monica se “Angel of Mine” haar bruidegom tegemoet.

Sy lyk engelagtig in die wit skouerlose skepping wat ’n treffende kontras met haar lang, donker hare vorm. Agter is die trourok van Mikado-systof elegant afgerond met oorgetrekte knopies wat van die bopunt van die bolyf tot by die einde van die dramatiese sleep strek.

So mooi is sy bruid vir hom dat Herschel se gemoed vol skiet en hy ’n traan met die agterkant van sy hand wegvee. Dis ’n roerende oomblik toe ’n trotse Graham sy dogter aan haar bruidegom toevertrou en hom ’n drukkie gee.





Die paartjie kon nie wag om mekaar die jawoord te gee ná nege jaar saam nie.

**‘EK HET VAN DIE BEGIN AF GEWEET SY IS DIE EEN VIR MY’**

Voor die bruidspaar hul troubeloftes aflê, lees pastoor Patrick Lawrence uit Markus 4 voor oor Jesus wat die storm stilgemaak het.

“Herschel en Kelsey, die les wat julle hieruit leer, is dat julle nou gaan oorvaar na die getroude kant, asook die onbekende kant. Dit is belangrik om Jesus saam te nooi op julle tog,” sê hy.

Toe hy vra of die paartjie mekaar as huweliksmaats neem, glimlag Herschel en Kelsey, kyk vir mekaar en antwoord albei met ’n besliste “ja”. Die pastoor seën die ringe voor hulle met hul hande op die Bybel trou aan mekaar beloof.



Die kleurskema van die troue was silwer, wit en swart.

Dan is dit tyd vir hul eerste soen as getroudes. Herschel laat nie op hom wag nie en soen sy bruid met oorgawe onder luide toejuiging van die gaste. As meneer en mevrou Jantjies stap hulle tussen die gaste deur na die onthaalsaal terwyl pienk roosblare op hulle neerreën.

Van die rugbyveld se bloed, sweet en trane is hier nie sprake nie. Als is nét mooi.

DIS asof hulle uit die staanspoor vir mekaar bestem was, vertel die paartjie kort voor hul troudag.

“Ons het vyf minute van mekaar af grootgeword, maar het mekaar eers ontmoet toe ons al in die hoërskool was,” vertel Kelsey, oorspronklik van Pniël in die Kaapse Wynlande, net meer as 4 km van Kylemore, Herschel se tuisdorp.

Al was sy in die Hoërskool Stellenbosch en hy in Paul Roos Gimnasium, ook op Stellenbosch, het hulle gemeenskaplike vriende gehad.

“Ons paaie het nooit gekruis nie, maar ons het geweet van mekaar,” sê Herschel.

Toe hulle een aand albei by ’n gemeenskaplike vriend kuier, het die pragtige Kelsey sy oog gevang en hy het haar telefoonnommer gevra. “Sy was die skaam en teruggetrokke meisie,” onthou hy. “Ek het van daar af heeltyd vir Kelsey gepla, ➤

maar sy het nooit geantwoord nie. Sy het my heeltyd op bluetick gelos," kla Herschel. "Hy het eerste in my belanggestel, maar ek was toe nog nie daar nie," sê Kelsey.

Ná 'n lang gesukkel het hy gevra sy moet hom laat weet hoe sy voel. "Dan sal ek haar uitlos," vertel Herschel laggend.

As eerstejaarstudente – sy op Stellenbosch en hy aan die Universiteit van Wes-Kaapland vir wie hy ook as skrumskakel uitgedraf het – het hulle aanlyn gesels en mekaar darem 'n paar keer gesien om mekaar beter te leer ken. Stadig maar seker het die liefdesvlam ál hoër gebrand.

Herschel het gereeld by Kelsey se ouerhuis in Pniël gaan kuier. "Haar familie het my familie geword. Ek het altyd rugby saam met haar pa en oupa gekyk as sy nie by die huis was nie," sê hy.

Toe hulle op 'n dag in 2017 by haar ouers kuier, het hy haar uit die bloute gevra om sy meisie te wees. "Niks romanties of iets spesiaals soos 'n blom nie. Ek het natuurlik ja gesê, want ek het lank gewag," sê Kelsey.

"Ek het al van die begin af geweet dat sy die een is vir my," sê Herschel. "Maar daar was baie goed wat nog nie in plek was nie. Ek het nie 'n kar gehad nie, ek het nog by my ouers gebly, ek moes nog met 'n lift na elke rugby-oefening toe gaan. Ek het gevoel as ek dinge wil ernstig vat, moet ek reg wees vir die verantwoordelikhede wat daarmee saamkom.

"Daar is baie dinge wat ek van Kelsey geleer het, en sy van my. Daar was natuurlik dinge wat my frustreer het van haar en wat haar ook frustreer het. Maar ná nege jaar saam het ons liefde net aanhou groei en blom."

Nadat Kelsey haar onderwysgraad voltooi het, het sy 'n geskiedenisonderwyseres by die Hoërskool De Kuilen in Kuilsrivier geword. Herschel se rugbyloopbaan het vlam gevat en hy het saam met groot name soos Pieter-Steph du Toit en Siya Kolisi vir die Westelike Provinsie in die Curriebekerkompetisie gespeel.



Herschel en Kelsey is sedert hulle eerste jaar op universiteit saam.

In 2018 het hy sy debuut vir die Stormers gemaak en 'n jaar later die eerste keer die Springboktrui oor sy kop getrek vir 'n Rugbykampioenskap-wedstryd teen Australië. Deur dit alles het Kelsey hom ondersteun. "Sy kan nie sê sy het met Herschel die rugbyspeler uitgegaan nie, want sy het my nie as rugbyspeler gekry toe sy my ontmoet het nie," sê Herschel.

"Die potensiaal was nog nie daar dat ek sou wees waar ek vandag is nie. Dit was net 'n droom. Ek was nie eens seker oor my loopbaan nie, maar sy het deur alles by my gebly. Sy maak my heel."

Ná sewe jaar saam is hulle eersteling op 2 Februarie 2024 gebore. "Ek sal nooit vergeet hoe ek in Junie 2023 uitgevind het ek is swanger nie," sê Kelsey. "Ek het nog in die badkamer gesit en dadelik vir Herschel gebel en hom van die positiewe swangerskapstokkie vertel.

"Ons het dit natuurlik nie beplan nie, maar dit het die grootste vreugde in ons lewe gebring. Sy is nou twee jaar oud en ons is ongelooflik baie lief vir haar."

Ses maande later het Herschel gekniel en Kelsey die jawoord gevra op 'n erf wat hy toe pas op 'n landgoed by Klapmuts in die Wynlande gekoop het.

**'NÁ NEGE JAAR SAAM HET ONS LIEFDE NET AANHOU GROEI'**

Sy het gedink hulle gaan net die agent daar ontmoet om die erf amptelik aan hulle te oorhandig, maar toe staan daar op die lang, rooi lint wat sy moes knip: "Will you marry me?"

"Dit was 'n dadelike 'ja' vir my," vertel Kelsey. "Ek wag toe al vir 'n hele paar jaar vir die groot vraag!"

Daarna moes sy nog 18 maande vir hul troudag wag, want Herschel het 'n kontrak van twee jaar met die Franse rugbyklub Bayonne onderteken om vir hulle vir die 2025/'26-seisoen te speel.

Kelsey, wat nog tot einde verlede jaar skoolgehou het, moes vir eers met Alyssa-Rose in Suid-Afrika agterbly.

"Ons was vir vier maande weg van mekaar af, van einde Julie tot Desember laas jaar," sê Herschel. "Maar ons bel elke dag," sê Kelsey.

TERWYL die bruidspaar vir hul troufoto's poseer, heers 'n feestelike atmosfeer buite die onthaalsaal waar 'n saxofoonspeler, Larry George, gewilde liedjies vir die gaste speel.

'n Roomysstalletjie bied lafenis teen die somerhitte en kelners dra sjampanje, wyn en versnaperings aan, van gerookteforel-tortillas tot beesribkrokette.

Onder die gaste wemel dit van bekendes op die rugbyveld soos die Springbokkaptein, Siya Kolisi, wat met sy spanmaat Eben Etzebeth op 'n rusbank sit en gesels. Die gewese Bok Elton Jantjies het in Herschel se vreugde kom deel, al is hulle nie familie nie. Ook die gewese Bokke Scarra Ntubeni en Suleiman Hartzenberg en die Stormers-spelers Damian Willemse en Salmaan Moerat meng met die gaste.

Suleiman en sy vrou, Ammaarah, ken al vir Herschel en Kelsey van die begin van hul romanse af. "Herschel was altyd die gaafste mens en het altyd vir my raad gegee toe ek nog 'n jong rugbyspeler was. Ons vriendskap het net gegroei en ek is so bly dat hy nou uiteindelik met sy beste maat trou," sê Suleiman.

Damian ken al vir Herschel sedert hul skooldae in Paul Roos Gimnasium. "Vandat ek vir Herschel ontmoet het, het hy net dieselfde mens gebly wat hy vandag nog is. Hy het 'n omgeehart en is liefdevol en baie snaaks.

"Toe hy vir Kelsey ontmoet het, was hulle net altyd twee lieflike mense en ek wens hulle net die beste toe vir die reis wat hulle nou gaan stap."

Ook die seremoniemeester by die onthaal, Ricky Schroeder, is 'n oudrugbyspeler. "Ek is soos Herschel se ouer broer wat hy nooit gehad het nie. Hy was my junior in Paul Roos, so dis lekker om te sien hoe hy in sy loopbaan groei. Ons het elke Nuwejaar saam gebraai en journey al van dag een af saam met hulle as paartjie," sê hy.

"Meneer en mevrou Jantjies," kondig Ricky aan voor die bruidspaar die onthaalsaal al dansend binnekom op maat van Abba se "Gimme! Gimme! Gimme! (A Man After Midnight)", onder luide toejuiging van die gaste.

Die spyskaart bied 'n keuse van beesfilet, lynvis en pampoen-en-ricotta-ravioli. Mini-bessie-pawlowa, haselneutbrownies en suurlemoentert is die nagereg.

Nadat die paartjie die troukoek gesny het, word die heildronk ingestel.

Eerste aan die woord is die bruidegom se pa, Sammy Jantjies. "Herschel is vir ons na aan die hart, en om vir Kelsey by die familie in te nooi is so spesiaal," sê hy.


"Ons het die voorreg gehad om Kelsey haar eerste treë op net elf maande te sien vat," vertel haar ma, Agnesia, en raak aangedaan. "Vandag is ek geëerd om te kan sien hoe sy nou 'n groot stap vat in die mooiste hoofstuk van haar lewe."

Die bruidspaar se eerste dans as man en vrou is op maat van Shania Twain se "You're Still the One".

Later in die aand dans klein Alyssa-Rose kaalvoet saam met haar ouers op hul troudag.

Twee dae later moet Herschel vir eers van sy vrou afskeid neem en terugvlieg Frankryk toe. Kelsey en hul dogtertjie sal later daar by hom aansluit. Die wittebrood sal ook vir eers moet wag.

Herschel geniet dit om in Frankryk rugby te speel, maar vorentoe wil hy en Kelsey hulle in Suid-Afrika vestig – dalk daar op die erf in die Wynlande waar hy haar die jawoord gevra het en hulle hul droomhuis wil bou. Hier waar dit wat nog altyd bestem was nou eindelik bymekaarkom. ❑







LINKS en REGS: Herschel pink 'n traan toe hy sien hoe Kelsey en haar pa, Graham, aangestap kom









LINKS BO: Die bruidsgeselskap. BO: Die troukoek. LINKS: Eben Etzebeth, sy vrou, Anlia, en Siya Kolisi was ook daar. REGS: Die paartjie het 'n roomysstalletjie as deel van die verversings gehad. LINKS ONDER: Herschel en hul dogter, Alyssa-Rose.







LINKS: Kelsey en haar ouers, Agnesia en Graham Thomas. NAAS-LINKS: Hulle en Herschel se ouers, Adeline en Sammy Jantjies.



Die troue is deur 120 gaste bygewoon, almal vriende en familie van die paartjie.

**DIE BRUIDSPAAR BEDANK:** TROUKOÖRDINERING: LAVENDER CREATIONS; SPYSENIERING: TABLE SEVEN; KOEK: CAKE ME HAPPY; TROUROK: VEIL BRIDAL COUTURE; BLOMME: ORIATIVE; DEKOR: BAIE GOETERS; ROOMYSSTALLETJIE: AMOUR GLACÉ; BRUIDEGOM SE PAK: SARTORIAL CLOTH; JUWELIERSWARE: FRANCHAN DIAMONDS; HARE & GRIMERING: HAIR BY JAMIE, LINDY LIN'S MAKE-UP; FOTO'S: VELD PHOTOGRAPHY; VIDEOGRAFIE: VELD FILMS; BELIGTING: BAIE GOETERS; SKRYFBEHOEFTES: DICKYBIRD DESIGNS; VERVOER: CUBBI; NAELS: THE JS BEAUTY ROOM BY JAMI SNELL